BTH-koshuisbeleid en -reëls

A. Koshuisbeleid

1. Inleiding

Hierdie dokument is die koshuisbeleid van Beyers Tehuis van Hoërskool Outeniqua, soos die beheerliggaam dit goedgekeur het. Die beleid is opgestel ooreenkomstig die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 (‘die Skolewet’); die Norme en Standaarde vir Skoolfinansiering, en toepaslike provinsiale wetgewing.

Die koshuis Beyers Tehuis vir seuns, is 'n intergrale deel van die Hoerskool Outeniqua en hoewel hy afsonderlike entiteite van die skool is, is die gedragskode van die koshuis ondergeskik aan die van die skool. Ernstige wangedrag by die koshuise sal dus deur die dissiplinêre komitees van die skool hanteer word.

2. Algemeen

2.1 Daar word van inwoners verwag om die koshuisbeleid en -reëls te ken en na te volg. ’n Afskrif daarvan sal op die koshuis se kennisgewingbord vertoon word.

2.2 Elke koshuisinwoner is, buiten hierdie koshuisbeleid en -reëls, ook gebonde aan die skool se gedragskode vir leerders.

2.3 Hierdie gedragskode is dus op dieselfde beginsels en waardes van die skool geskoei. Die visie en missie van die koshuise kan dus nie afsonderlik van die van die skool staan nie.

3. Toelating

3.1 Toelating tot die skool impliseer nie outomaties toelating tot die koshuis nie. Daar bestaan geen grondwetlike reg op koshuisinwoning nie.

3.2 Uitsluitlik die beheerliggaam reguleer en beheer toelating tot koshuise.

3.3 Aansoek om toelating tot die koshuis moet saam met aansoek om toelating tot die skool geskied.

3.4 Die beheerliggaam behou hom die reg van koshuistoegang voor.

4. Losiesgeld

4.1 Elke koshuisouer is verantwoordelik vir die totale bedrag losiesgeld.

4.2 Losiesgeld is kwartaalliks vooruitbetaalbaar, of soos skriftelik met die koshuisraad ooreengekom.

4.3 Leerders mag in die koshuis aanbly slegs indien hulle koshuisgeld opbetaal is.

4.4 Matrikulante word geag die koshuis aan die einde van hul matriekjaar te verlaat. Matrikulante wat hul matriekjaar wil of moet herhaal, moet heraansoek doen om toelating tot die koshuis.

4.5 Alle betalings wat ter vereffening van koshuis- of verblyfgeld ontvang word, sal eerstens aangewend word vir die betaling van enige verskuldigde skoolgeld, ongeag enige keuse wat die betrokke betaler ten aansien van toewysing van betalings uitoefen.

B. Koshuisreëls

1. Gedragskode en dissipline

1.1 Die koshuisvader, sy/haar personeel en koshuisleiers is verantwoordelik vir die handhawing van dissipline in die koshuis.

1.2 Geen vorm van ontgroening word toegelaat nie.

1.3 Geen bakleiery of fisiese hantering van inwoners word toegelaat nie.

1.4 Inwoners mag nie op die skoolterrein of enige ander plek waar hulle as leerders van die skool/inwoners van die koshuis uitgeken kan word, rook, enige alkoholiese drank gebruik, of enigsins in besit wees van tabak, alkoholiese drank en verwante middels soos dwelms nie.

1.5 Haarstyle moet aan die skool se gedragskode voldoen.

1.6 Enige seksuele of onbehoorlike fisiese kontak tussen inwoners op die skool- of koshuisterrein is streng verbode.

1.7 Voorkoms

- **Etenstye** Seuns sal te alle tye wel geklee wees vir ete - skoene, sandale of plakkies is verpligtend.
- **Storttye** : Wanneer leerders kleedkamers verlaat moet hulle ten volle geklee wees.
- **Algemeen:**
    - Seuns mag nie met hul hande in hul sakke loop nie.
    - Seuns moet te alle tye netjies geklee wees.
    - Seuns moet te alle tye skoon geskeer wees.
    - Hare moet te alle tye netjies, kort en skoon wees.

1.8 Geen inwoner mag deur enige koshuisvenster of op enige koshuisdak klim of die koshuis op enige ander manier binnegaan as deur die aangewese deure nie.

1.9 Geen inwoner mag 'n koshuiskamer buiten sy/haar eie binnegaan nie, tensy met die nodige toestemming, of vergesel van die betrokke kamerbewoner.

1.10 Inwoners sal alle persone, wat koshuispersoneel, mede-inwoners en besoekers insluit, te alle tye met respek en waardigheid behandel.

1.11 Alle reëls in die skool se gedragskode sal geag word hierby inbegrepe te wees.

2. Besoekers

2.1 Alle besoekers moet by die personeellid aan diens aanmeld. Die betrokke inwoner sal geroep word om die besoeker by die voorgeskrewe besoekersarea te ontvang.

2.2 Besoekers is onderworpe aan die koshuisreëls, en moet dit respekteer.

2.3 Inwoners sal aanspreeklik gehou word vir die optrede van hulle besoekers.

2.4 Besoekers mag nie enige koshuiskamer sonder die toestemming van die personeellid aan diens binnegaan nie.

3. Siekte

3.1 Wanneer ’n inwoner in skooltyd siek word, moet skriftelike toestemming van die skoolhoof of koshuisvader verkry word om die matrone te besoek.

3.2 Geen siek inwoner mag sonder die nodige toestemming in die kamer bly/gaan lê nie.

3.3 Ouers kan met die koshuisvader skakel wat die siekte en behandeling van hulle kinders betref.

3.4 A.g.v. die covid-19 pandemie moet enige leerder wat siek is dadelik huis toe gaan.

4. Uitteken

4.1 Die uittekenbeleid is bedoel om die inwoners en die skool en koshuis te beskerm. Alle leerders word outomaties op ‘n Vrydag na skool as uitgeteken gesien behalwe die leerders wat vir die naweek inbly.

4.2 Naweke:

4.2.1 Tuisnaweke: Gedurende ’n tuisnaweek moet alle inwoners die koshuis verlaat. Indien die inwoner egter nie na sy/haar ouerhuis gaan nie, moet die ouer die koshuisvader skriftelik in kennis stel van waar die inwoner die naweek sal bly.

4.2.2 Gewone naweke: Leerders mag slegs vir skoolaktiwiteite in die koshuis bly. Ouers moet die koshuisvader, nie later as die voorafgaande Woensdag nie, in kennis stel indien hulle hul kinders vir die naweek wil inbly. Sodanige kennisgewing kan skriftelik of telefonies geskied.

4.2.3 Leerders wat verder as 120 km vanaf die skool woon word outomaties as naweekinwoners gesien en kry outomaties toestemming om in te bly. Hulle mag slegs naweke uitslaap indien dit ‘n tuisnaweek is of hul ouers met die koshuisvader gereël het.

4.4 Vakansies: Dieselfde prosedures wat op uitnaweke van toepassing is, geld vir in- en uitteken gedurende vakansies.

4.5 Inteken: Inwoners meld met die inwoners se terugkeer na die koshuis by die personeellid aan diens aan en teken in vir die week.

Leerders mag slegs tussen 15:00 en 19:00 by die koshuis arriveer.

5. Studietye

5.1 Studie plaas ‘n groot verantwoordelikheid op die leerder. Elke leerder moet dus die volgende reëls nakom:

- Graad 8 en 9 leerders studeer in die studiesaal. Graad 10 leerders studeer in die studiekamers. Graad 11 en 12 leerders studeer in hul kamers.
- Slegs skoolwerk mag gedurende studie gedoen word. Toestemming moet by die personeellid aan diens gekry word vir die lees van tydskrifte ens.
- Streng dissipline sal toegepas word en GEEN rondlopery mag gedurende studie plaasvind nie. Dit wat nodig is, moet voor die tyd verkry word.
- Absolute stilte word tydens studie gehandhaaf.
- Leerders wat in kamer studeer mag nie op hul beddens sit of lê nie. Studie vind plaas by ‘n lessenaar. Slegs twee persone per kamer word toegelaat. Persone wat oortree, sal in die studiesaal studeer.
- Daar moet streng op die studieklok reageer word. Vyf minute na die studieklok gelui het, sal daar ‘n tweede klok lui. Leerders moet dan reeds by hul banke sit.
- Die studiesaal moet altyd netjies gelaat word. Tafels moet opgeruim wees en alle papiere in die asdrom voordat leerders die studiesaal verlaat.
- Leerders mag slegs van studie verskoon word met die toestemming van die koshuisouers.
- Laatstudie in die aand vind plaas in die studiekamer tussen 21:40 en 22:30.
- Leerders sal volgens ‘n sitplekplan gedurende studietye sit.
- RTT en IT leerders mag skootrekenaars tydens studie gebruik. Hulle mag slegs skoolwerk daarop doen en leerders moet so sit dat die skerm van die skootrekenaar sigbaar is vir die diensdoenende personeellid.

5.2 Studietye is soos volg:

Middag:	16:45 – 17:30
Aand:	19:00 – 20:00
	20:15 – 21:00

5.3 Studielokale moet ná elke studietyd opgeruim word.

- Alle papiere en rommel moet in die vullisblikke gegooi word.
- Vensters moet toe wees.
- Stoele moet op die tafels geplaas word.
- Die ligte moet afgesit en die deure gesluit word.
- Koshuisleiers is verantwoordelik om toe te sien dat die studielokale ná studietyd in bogenoemde toestand gelaat word.

6. Etes

6.1 Etenstye is soos volg:

<u>Weeksdae</u>

Ontbyt : 06:40

Middagete : 14:20

Aandete : 18:00

<u>Naweke</u>

Ontbyt: 08:00

Middagete : 13:00

Aandete: 18:00

6.2 Die koshuisleiers is verantwoordelik vir dissipline in die eetsaal.

6.3 Inwoners moet die eetsaal stil en ordelik binnegaan.

6.4 Geen inwoner mag om enige rede van ’n ete ontneem word nie.

6.5 Geen inwoner mag gedwing word om enigiets teen sy/haar sin te eet of te drink nie.

6.6 Inwoners moet ná elke ete die tafels afdek. Die borde en messegoed moet in die bestemde houers gepak word.

6.7 Geen kos, borde, messegoed, glase of enige ander kombuisware mag uit die eetsaal verwyder word nie.

6.8 Indien ’n inwoner nie ’n ete kan bywoon nie of gaan laat kom vir ete, moet hy/sy die koshuisvader vroegtydig inlig.

6.9 Geen selfone mag in die eetsaal gebruik word nie.

7. SLAAPKAMERS:

7.1 Slaapkamers moet te alle tye netjies wees en geen klere of ander items mag rondlê nie.

7.2 lnspeksie word elke oggend en aand gehou.

7.3 Leerders moet volle skooldrag in die oggend aanhê en die kamers moet netjies wees.

7.4 Geen prente mag teen mure geplak word nie.

7.5 Leerders mag nie ander leerders se kamers besoek nie, behalwe as die betrokke leerder in die kamer is of wel toestemming gegee het.

7.6 Leerders mag nie op die beddens spring of speel nie.

7.7 Kleretasse mag bo-op hangkaste gebêre word en nie onder die bed nie.

7.8 Kamerinspeksie kan enige tyd gehou word deur personeellede of prefekte.

7.9 Kaste moet te alle tye gesluit word. Alle waardevolle besittings moet toegesluit word. Geen verantwoordelikheid sal aanvaar word indien iets gesteel word en dit nie toegesluit was nie.

7.10 Klere mag nie in vensters opgehang word nie.

7.11 Geen rolskaatse word in die koshuis toegelaat nie.

8.12 Ligte moet altyd afgeskakel wees as daar niemand in die kamer is nie. Kamers wat nie saamwerk nie, word beboet.

8. Telefoon

8.1 Selfone word op eie risiko in die koshuis ingebring.

8.2 Geen oproepe mag gedurende etenstye of studietye ontvang of gemaak word nie.

8.3 Alle selfone moet met ligte-uit afgeskakel word.

8.4 ’n Inwoner se selfoon mag van hom/haar weggeneem word indien hy/sy nie die reëls gehoorsaam nie. In so ’n geval sal die inwoner ’n skriftelike skulderkenning onderteken waarin die inwoner erken dat hy/sy kennis dra van die bepalings van die koshuisreëls en die strafsanksie dat sy/haar foon afgeneem mag word.

9. Wasgoed

9.1 Ouers is verantwoordelik vir die reël en betaal vir die was van wasgoed.

9.2 Elke inwoner se klere moet duidelik gemerk wees.

9.3 Geen inwoner mag ’n ander inwoner se wasgoed sonder die nodige toestemming afhaal nie.

10. Breekskade

10.1 Breekskade moet onmiddellik by die betrokke personeellid of koshuisleier aangemeld word. Die betrokke leerder is verantwoordelik vir die betaling vir die herstel van die skade.

10.2 Opsetlike skade aan koshuis- of skooleiendom sal tot dissiplinêre stappe lei.

10.3 Inwoners moet alle koshuiseiendom met die nodige versigtigheid hanteer.

11. Koshuisleiers

11.1 Elke koshuis moet sy eie koshuisleiers kies. Vir hierdie doeleinde moet die inwoners jaarliks aan ’n demokratiese verkiesing deelneem.

11.2 Koshuisleiers is verantwoordelik vir algemene koshuisdissipline, en moet die koshuisvader en ander personeel met die handhawing van dissipline bystaan.

12. Ligte-uit en opstaantyd

12.1 Ligte-uit is om 21:445 en sal deur ’n klok aangedui word. Geen inwoner mag binne 30 minute ná ligte-uit sy/haar bed verlaat nie.

12.2 Stilte moet ná die lui van die ligte-uit-klok gehandhaaf word. Alle radio’s en selfone moet afgesit word.

12.3 Opstaantyd is om *6:00* wat ook deur ’n klok aangedui sal word, wanneer inwoners onmiddellik moet opstaan.

12.4 Inwoners mag slegs met die toestemming van die koshuisvader of personeellid aan diens voor die lui van die oggendklok opstaan.

12.5 Inwoners kan by die koshuisvader toestemming vra vir ekstra studietyd soggens en/of saans. Die koshuisvader kan toestemming weier indien hy/sy reken dat die betrokke inwoner nie die gewone studietyd ten volle benut het nie.

13. Ander

13.1 Alle vorme van pornografie is streng verbode.

13.2 Inwoners mag nie in die gange hardloop, skree, fluit of onnodige geraas maak nie. Radio's is toelaatbaar slegs indien dit sag gespeel word.

13.3 Indien 'n inwoner om welke rede ook al nie betyds vir 'n bepaalde aktiwiteit sal opdaag nie, moet die koshuisvader vroegtydig ingelig word.

13.4 Inwoners moet sorg dat hulle koshuiskamers altyd netjies en skoon gehou word.

13.5 Die enigste tyd wanneer 'n inwoner die skool- of koshuisterrein 'sonder toestemming' mag verlaat, is gedurende algemene verlof om op 'n Woensdag of Saterdag winkels toe te gaan. Inwoners mag 15:00 – 17:30 die dorp/winkels besoek.

13.6 Inwoners moet hulle van enige optrede weerhou wat die skool en/of koshuis se beeld sal skaad. Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die koshuis onbillik benadeel, sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

14. Skuldigbevinding deur 'n hof aan 'n strafregtelike oortreding sal as 'n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

15. Oortredings wat tot skorsing en/of uitsetting kan lei, sluit in, maar is nie beperk nie tot:

- optrede wat ander se veiligheid bedreig en ander se regte skend;
- die dreiging met, of besit of gebruik van, gevaarlike wapens;
- die besit, gebruik, verhandeling of sigbare bewys van narkotiese of ongemagtigde dwelms, alkohol en bedwelmende middels van enige aard;
- bakleiery, aanranding of mishandeling;
- onsedelike gedrag of 'n gevloek;
- die aanneem of voorhou van 'n vals identiteit;
- enige vorm van haatspraak, seksisme, rassisme of ander antisosiale gedrag;
- diefstal of die besit van gesteelde goedere;
- onregmatige optrede teenoor en/of vandalisme, vernietiging of beskadiging van skooleiendom, wat die aanbring van graffiti sou insluit;
- oneerbiedigheid, aanstootlike gedrag en verbale mishandeling gerig teen opvoeders of ander skool- en koshuispersoneel of leerders en ander inwoners;

- herhaalde oortredings van skoolreëls of hierdie gedragskode;
- strafregtelike en onderdrukkende gedrag, soos verkragting en geslagsgebaseerde teistering;
- viktimisasie, afknouery en intimidasie van ander inwoners; en
- opsetlike en bewuste verstrekking van vals inligting, of die vervalsing van dokumente, ten einde onbehoorlike voordeel te bekom.

16. Hierdie beleid kan van tyd tot tyd deur die beheerliggaam gewysig, aangevul, verander of aangepas word.

17. NAWEEKREëLINGS:

- Alle leerders word outomaties op ‘n Vrydag na skool as uitgeteken gesien behalwe die leerders wat vir die naweek inbly.
- Leerders mag naweke, behalwe tuisnaweke, vir skoolaktiwiteite in die koshuis bly.
- Ouers moet self met die koshuisvader reël indien ‘n leerder wil inbly.
- Geen leerder sal toegelaat word om die koshuis te verlaat na aandete nie.
- Geen verantwoordelikheid sal geneem word vir leerders wat nie na ‘n naweek terug geteken het nie. Slegs leerders wat ingeteken het sal Maandagoggend en middag etes ontvang.
- Leerders moet na naweke/vakansies voor 20:00 terug wees. Leerders wat die volgende oggend arriveer by die koshuis moet betyds wees om voor 07:15 by die skool te wees.
- Leerders wat Sondag terug geteken is, mag nie die koshuisterrein verlaat sonder die toestemming van die koshuisouers nie.

C. Koshuis- dissiplinêre beleid

LYS VAN OORTREDINGS

VLAK 1: OORTREDINGS (slegs riglyne)

- Laat vir skool
- Laat vir ete
- Laat vir skool toe stap
- Laat vir studie
- Laat vir opstaan
- Laat vir atiwiteit
- Betree verbode terrein
- Nie omsendbriewe en inligtingstukke aflewer
- Huiswerk in studietyd nie gedoen nie
- Versuim om billike opdrag uit te over
- Gesels tydens studie
- Slaap of lê op arms, nie betrokke by studie
- Krap op liggaam, banke, tasse, tafeldoeke en eetsaaltafels
- Gesels of ontwrig studie
- Onordelike gedrag by koshuis
- Luidrugtig in gange
- Gesels buite voor ete
- Onbevredigende voorkoms
- Steek tasse of toerusting weg
- Onwettige balspele op verbode gebiede
- Kwetsende opmerkings
- Rommelstrooiing in koshuis
- Beskadiging van koshuis - met opset
- Luister nie na personeel nie
- Ontwrig koshuis
- Ontwrig studie
- Gebruik ander leerders se akademiese inhoud sonder toestemming om huiswerk te doen

- Onsportiewe gedrag
- Onaanvaarbare gedrag tydens funksies
- Bemorsing en beskadiging van die koshuis
- Swak gedrag by koshuis
- Dreunsang
- Sing van vulgêre liedjies in die publiek/koshuis
- Onvanpaste opmerkings en aanmerkings by koshuis
- Plasing van kennisgewings sonder toestemming
- nie motorfietse en voertuie by kantoor registreer nie
- Sluit nie fiets vas nie
- Parkeer motors, motorfietse en fietse op verbode areas
- Nie inhandiging van sleutels van motors by superintendent

VLAK 2A-OORTREDINGS (slegs riglyne)

- 'n Versameling van 4 vlak 1-oortredings
- Disrespek teenoor ander leerders en onderwysers
- In koshuis spoeg of doelbewus stink winde laat
- Doelbewuste beskadiging van eiendom
- Vloektaal:koshuis,stoepe en terrein
- Afskryf van huiswerk
- Toeskouer by bakleiery
- Toeskouer by rokery
- Gebruik selfoon, tablet, slimhorlosie sonder toestemming
- Zero Tolerance-voorkoms
- Vervals afwesigheidsbriewe
- Reageer nie op billike straf vir vlak 1-oortredings nie
- Handig verkeerde selfoon in
- Selfoon nie ingehandig nie

VLAK 2B-OORTREDINGS (slegs riglyne)

- Nie in regte studielokaal nie
- Oneerlikheid
- Uitdaging van gesag
- Neem ander leerder se houkos
- Verwyder item van onderwyser of kind se lessenaar of kaste
- Intimideer leerders en onderwysers (nie ernstig nie)
- Skiet klappers op terrein of trap stinkbomme stukkend
- Ontwrig studieproses deur massa-aksie
- Gebruik selfoonkamera sonder toestemming
- Misbruik koshuis se rekenaarstelsels vir privaatdoeleindes
- Fisiese kontak op koshuisterrein of op kampe en toere of in skoolvoertuie of busse
- Ernstige oortreding van verkeersreëls op skool- of koshuisterrein
- Ry te vinnig op koshuisterrein met motor of motorfiets
- Bestuur onverskillig of sonder lisensie en permit
- Diefstal en leen ander se eiendom sonder toestemming en gee later terug
- In teenwoordigheid van dwelmgebruikers
- Mors water op terrein of in kleedkamers
- Peuter met brandslange en brandblussers
- In kontak met persone buite die koshuisterrein
- Inbring van buite-persone sonder toestemming
- Rook van sigarette, e-sigarette, ens.

VLAK 3-OORTREDINGS (slegs riglyne)

- Enige ernstige kriminele oortreding binne of buite koshuis bv. verkragting of onbetaamlike of onsedelike gedrag of seksuele teistering, moord of poging tot moord.
- Enige vorm van diskriminasie en rassisme
- Besit, verspreiding en gebruik van dagga of enige ander dwelmmiddel of verbode middel bv. steroïdes
- Verlaat koshuis sonder toestemming
- Uitteken vir 'n skoolfunksie, maar daag nie daar op nie

- Uitteken vir 'n funksie, maar stel nie die superintendent in kennis van veranderde reëlings nie
- Vertel leuens tydens ondervraging
- Boelie
- Kuberteistering
- Besit, verspreiding en gebruik van alkohol binne of buite koshuisverband
- Onder die invloed van alkohol of dagga of enige dwelmmiddel
- Betrokke by bakleiery of opsetlike besering of aanranding van 'n persoon
- Plaas boodskappe op sosiale media wat oneties, disrespekvol en onwettig is
- Ernstige wangedrag tydens wedstryde of funksies of aktiwiteite
- Ontgroening van graad 8's
- Ernstige wangedrag
- Oneerlik in opdragte
- Vervals doktersertifikate
- Enige vorm van bedrog / Vervalsing van handtekening
- Diefstal , winkeldiefstal , diefstal van enige items
- Gebruik opdragte van ander leerder as akademiese inhoud (assessering)
- Emosionele teistering en karakterskending of enige vorm van afknouery
- Voltooi opsetlik nie individuele gedragsontwikkelingsprogram nie
- Volgehoue ontwrigting van die studieproses - na herhaaldelike strafmaatreëls
- Enige ernstige kriminele oortreding binne of buite koshuisverband
- Enige persoon as gyselaar aanhou
- Brandstigting
- Vandalisme
- Gebruik van enige gevaarlike of skerp wapen (sker/mes) of die besit van gevaarlike wapens
- Enige persoon dreig om 'n wapen of skerp wapen te gebruik
- Vervaardiging, besit en/of verspreiding van pornografie
- Sataniese of okkultiese bedrywighede
- Enige "Zero Tolerance"-gedrag of herhaalde ernstige oortredings
- Herhaaldelike viktimisasie / afknou I intimidasie van leerders en of onderwysers
- Ry saam met ander sonder toestemming

STRAFMAATREëLS EB LYS VAN MOONTLIKE STRAWWE

5.1 ALGEMEEN

(a) In hierdie Skedule word die strafmaatreëls uiteengesit wat toegepas kan word deur die skoolhoof, beheerliggaam, superintendent, departementshoof, wat bevoeg is om te handel met gevalle van wangedrag ingevolge skedule D, nadat 'n leerder skuldig bevind is aan wangedrag.

(b) Die uiteensetting van strafmaatreëls moet nie deur diegene wat strafmaatreels moet toepas gesien word as 'n volledige lys wat verpligtend toegepas moet word nie, ongeag enige ander oorwegings. Sover as wat menslik moontlik is, moet die verantwoordelike persone streef om toepaslike strafmaatreels aan te wend met in agneming van die individuele leerder, die aard en erns van die wangedrag ter sprake, en die belange van die skool-en koshuisgemeenskap ten opsigte van die wyse waarop daar met wangedrag by die skool gehandel word.

(c) Die kuns is om die korrekte balans te vind tussen die oorwegings hieronder genoem, elkeen waarvan in aanmerking geneem moet word en neerslag moet vind in die straf wat uiteindelik toegepas word. Die toepassing van strafmaatreëls buite verhouding tot die gemelde oorwegings moet vermy word as synde onbillik en teenstrydig met die oogmerke van hierdie Gedragskode.

(d) Die dissiplinêre proses moet so spoedig as moontlik na die oortreding in aanvang neem en afgehandel word.

(e) Voortdurende dissiplinêre aksies moet altyd tot gevolg hê dat goeie geharmoniseerde verhoudings moet bestaan en kan dit bereik word deur middel van onder andere :

Korrektiewe berading
Mondelingse waarskuwing
Skriftelike waarskuwing
Finale skriftelike waarskuwing
Dissiplinêre gesprek, Dissiplinêre verhoor, Herstellende geregtigheid

5.2 OORWEGINGS BY DIE KEUSE VAN 'N TOEPASLIKE STRAFMAATREëL *(84)*

5.2.1 Die individuele leerder:

(a) Ouderdom en stadium van ontwikkeling;

(b) Houding teenoor skoolwerk en mede-leerders;

(c) Dissiplinêre rekord, algemene reaksie op berisping en gewilligheid om te hervorm;

(d) Die redes aangevoer vir die begaan van die oortreding;

(e) Die mate van berou en gewilligheid om die oortreding reg te stel.

5.2.2 Aard en omvang van die wangedrag:

(a) Die tersaaklike omstandighede;

(b) Die uitwerking van die oortreding op 'n ander persoon of persone;

(c) Die gereeldheid waarmee die tipe oortreding onder leerders voorkom;

(d) Die omvang van skade of verlies veroorsaak deur die oortreding.

5.2.3 Belange van die koshuisgemeenskap:

In die algemeen het die koshuisgemeenskap 'n belang in die handhawing van 'n klimaat en kultuur van onderrig en leer by hulle koshuis, die regverdige en gebalanseerde behandeling van leerders, die beskerming van die fisiese, geestelike en morele welstand van leerders en opvoeders by die skool en koshuis, en die beskerming en bevordering, in soverre as wat dit moontlik is, van die basiese grondwetlike regte van alle belanghebbers van die skool en koshuis. Uit hierdie algemene stelling kan die volgende elemente uitgelig word vir oorweging:

(a) Vergelding:

Wangedrag moet aangespreek word by wyse van een of ander toepaslike onaangename gevolg ten einde die misnoeë van die gemeenskap oor die pleging daarvan te kenne te gee.

(b) Hervorming:

Waar daar aanduidings is dat die leerder vatbaar is vir hervorming of waarskynlik positief op hervorming sal reageer, sal die gemeenskap die leerder die geleentheid wil gee om sy/haar gedrag te verbeter om sodoende die betrokke leerder asook andere in die posisie te stel om die hoogs moontlike voordeel uit hul skoolloopbaan te put.

(c) Afskrikking:

'n Element van afskrikking van herhaalde wangedrag by 'n besondere leerder of by die leerdergemeenskap in die algemeen, moet ingebou word in die straf toegepas, om te voorkom dat toegeeflikheid ly tot aanhoudende oortreding. Hoe meer algemeen die tipe wangedrag voorkom, hoe meer prominent moet die element van afskrikking wees.

(d) Voorkoming:

Die basiese vraag hier is of dit nodig is om die leerder te isoleer van die skool en koshuis sy mede-leerders, of as 'n sterk boodskap dat sy of haar gedrag anti-sosiaal in die koshuisopset is of as beskerming van die veiligheid (fisies, geestelik of moreel) van die leerders en/of van die koshuis of beide.

5.3 BENADERING TOT TOEPASSING VAN STRAF

Die toepassing van straf vereis behoorlike prosedure net soos in die geval van enige administratiewe prosedure wat die belange van individue raak. Die verantwoordelike persoon moet enige faktore wat hy/sy/hulle van voorneme is om in ag te neem sowel as sy/haar/hulle oogmerke ten opsigte van straf, aan die leerder en sy/haar ouer en/of verteenwoordiger

meedeel, vir kommentaar. Alle kommentaar op hierdie aangeleenthede moet bekom en behoorlik oorweeg word. Die verrigtinge moet genotuleer word.

5.4 **STRAFMAATREëLS WAT SLEGS DIE BEHEERLIGGAAM MAG TOEPAS**

Slegs die dissiplinere komitees mag, na 'n regverdige verhoor, aanbeveel dat 'n leerder van die skool en koshuis geskors en of uitgesit word ooreenkomstig die relevante wetgewing.

...

. 5.5 **STRAFMAATREELS WAT NIE DEUR DIE BEHEERLIGGAAM, SKOOLHOOF OF ENIGE OPVOEDER INGESTEL MAG WORD NIE**

Slegs die onderwyshoof van die provinsie, of 'n bevoegde amptenaar deur hom/haar aangewys, mag 'n leerder uit die skool sit.

5.6 **STRAF EN DIE REGTE VAN DIE LEERDER** (101-104)

Die beheerliggaam, die skoolhoof of die bevoegde opvoeder moet te alle tye, wanneer strafmaatreëls toegepas word, die regte van leerders in gedagte hou, soos uiteengesit in die Kode van Regte en Pligte.

Straf sal noodwendig op een of meer van daardie regte inbreuk maak.

Sodanige inbreukmaking moet egter tot die minimum beperk word, afhangende van die omstandighede.

In die besonder moet enige aantasting van die reg op waardigheid en privaatheid so veel as moontlik beperk word.

6. LYS VAN MOONTLIKE STRAWWE

6.1 VLAK 1-STRAFMAATREELS:

- Waarskuwing op opgeskorte Uitsetting
- Opvoedkundige gesprek Herstellende geregtigheid Uitskryfwerk
- Kompensasie - vervang beskadigde artikels
- Kan gevra word om die funksie of aktiwiteit te verlaat
- Verpligte terreindiens
- lnperking van eksamenverlof
- Restourasie van koshuiseiendom
- Skoonmaak van lokale waarin gemors is
- Onmiddellike herstel van voorkoms
- Konfiskering van items, soos juwele, ens.
- Ekstra studie
- Detensie (geen dorpsdae/ ekstra studie)
- Ontheffing van skool - en koshuisampte
- Verbod op deelname aan skoolaktiwiteite en sosiale geleenthede
- *Vier van die bogenoemde strawwe kan lei tot interne dissiplinere gesprek*

6.2 VLAK 2A-STRAFMAATREELS

- Waarskuwing op opgeskorte uitsetting
- Opvoedkundige gesprek
- Herstellende Geregtigheid Uitskryfwerk
- Kompensasie - vervang beskadigde artikels
- Kan gevra word om die funksie of aktiwiteit te verlaat
- Verpligte terreindiens
- lnperking van eksamenverlof
- Restourasie van koshuiseiendom
- Skoonmaak van lokale waarin gemors is
- Onmiddelike herstel van voorkoms
- Konfiskering van items, soos juwele, ens.
- Ekstra studie

- lnskakeling by 'n gedragsontwikkelingsprogram
- Konfiskering van items vir 'n tydperk

- Ontheffing van skool - en koshuisampte.
- Verbod op deelname aan skoolaktiwiteite en sosiale geleenthede
- Verbod op dra van prestasie- en kleuretoekennings
- Aanbeveling van verbeuring van beurse
- Verbod op verkiesing tot enige leiersposisie

VLAK2B TRAFMAATREëLS

- ❖ Waarskuwing
- ❖ Opvoedkundige gesprek
- ❖ Herstellende geregtigheid
- ❖ Uitskryfwerk
- ❖ Kompensasie - vervang beskadigde artikels
- ❖ Kan gevra word om die klas, sportveld, funksie, saal, pawiljoen of aktiwiteit te verlaat
- ❖ Verpligte terreindiens
- ❖ Inperking van eksamenverlof
- ❖ Restourasie van banke koshuis
- ❖ Skoonmaak vanlokale waarin gemors is
- ❖ Onmiddelike herstel van voorkoms
- ❖ Konfiskering van items, soos juwele, ens.
- ❖ Ekstra huiswerk
- ❖ Inskakeling bygedragsontwikkelingsprogram
- ❖ Laat studie / geen dorpsdae
- ❖ Ontheffing van skool - en koshuisampte
- ❖ Verbod op deelname aan skoolaktiwiteite en sosiale geleenthede
- ❖ Verbod op dra van prestasie- en kleuretoekennings
- ❖ Aanbeveling van verbeuring van beurse
- ❖ Verbod op verkiesing tot enige leiersposisie
- ❖ Gereelde toetsing vir dagga- en dwelmgebruik

6.3 VLAK 3-STRAFMAATREELS

- Permanente uitsetting
- Indien 'n leerder 'n VLAK 3-oortreding begaan, mag die Skoolhoof in samewerking met die Voorsitter van die Koshuisraad en die Superintendent die leerder tydelik skors totdat die verhoor plaasgevind het.
- Skorsing
- Herstellende Geregtigheid
- Verpligte inskakeling by 'n gedragsontwikkelingsprogram
- Detensie
- Ontheffing van skool - en koshuisampte
- Verbod op deelname aan skoolaktiwiteite en sosiale geleenthede
- Verbod op dra van prestasie- en kleuretoekennings
- Aanbeveling van verbeuring van beurse Verbod op verkiesing tot enige leiersposisie Gereelde toetsing vir dagga- en dwelmgebruik Inskakeling by 'n gedragsontwikkelingsprogram

Hic Habitamus
SEDERT - 1826 -
Hier is ons tuis